

CUSTODIA[®] 320 SC

Reg. no. L9342 Act/Wet no. 36 of/van 1947
N-AR 1401; W130925

A suspension concentrate fungicide with systemic, translaminar and contact action for the control of diseases (as indicated) in barley, black wattle, grain sorghum, maize, sweet corn, soybeans, wine grapes and wheat.

'n Suspensiekonsentraat swamdoder met sistemiese, translaminêre en kontakaksie vir die beheer van siektes (soos aangedui) in gars, graansorghum, koring, mielies, suikermielies, sojabone, swartwattel en wyndruiwe.

FRAC FUNGICIDE GROUP CODE

11 & 3

FRAC SWAMDODER GROEPKODE

ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDELE

azoxystrobin (strobilurin).....	120 g/L asoksiestroben (strobilurien)
tebuconazole (triazole)	200 g/Ltebukonasool (triasool)

NET VOLUME/NETTO VOLUME

..... L

REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.
Reg. no. 1992/001741/07
Ground Floor, Simeka House
The Vineyards Office Estate
99 Jip de Jager Drive
Belville, 7530
T: +27 21 982 1460
infocpt@adama.com

CUSTODIA[®] is the registered trademark of a company of the ADAMA GROUP.
CUSTODIA[®] is die geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.

CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD

Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946
Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number
Date of Manufacture

Lotnommer
Datum van Vervaardiging

UN no.: 3082



**CAUTION
VERSIGTIG**





WARNINGS

Withholding periods (minimum number of days between last application and harvest or feeding):

Barley	77 days
Grain sorghum	60 days
Maize and sweet corn	56 days
Soybeans	60 days
Wheat	70 days
Wine grapes	28 days

Note: The local maximum residue levels (MRLs) will not be exceeded if **CUSTODIA® 320 SC** is used according to the label instructions. However, ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. cannot be held responsible if export MRLs are exceeded. Consult the local export bodies regarding application timing, withholding periods and specific tolerances of countries to which produce will be exported.

- Handle with care.
- Harmful if swallowed.
- Harmful to animals and toxic to fish.
- Store in a cool, dry place away from food and feed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- Re-entry: Do not enter treated area until spray deposit has dried off.
- Aerial application: Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas.

Although this remedy has been tested extensively under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions. The action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of the dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the disease against the remedy concerned, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to humans or animals or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- When handling the concentrate, wear gloves and face shield.



- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid prolonged contact with skin and eyes. If eyes are contacted, flush out at once with clean, cold running water. If skin is contacted, wash immediately with cold water and soap.
- Wash contaminated clothing daily.
- Wash with soap and water after use or accidental skin contact.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Clean spray equipment after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.
- Triple rinse empty containers in the following manner: Invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the container three times in succession with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container and decant the rinsate into the spray or mixing tank.
- Puncture the triple rinsed container and dispose of via an approved collector or recycler (www.croplife.co.za).
- Avoid drift of spray mist to other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **CUSTODIA® 320 SC** is a group code 3 and 11 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **CUSTODIA® 320 SC** and other group code 3 and 11 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly. These resistant fungi may not be controlled by **CUSTODIA® 320 SC** or any other group code 3 and 11 fungicide. To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank-mix with products from different fungicide group codes.
- Integrate the control methods (chemical, cultural, biological) into fungicide control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

USE RESTRICTIONS

Do not apply **CUSTODIA® 320 SC** on maize from the V10 to the V14 growth stage.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as indicated.

Compatibility

The compatibility of **CUSTODIA® 320 SC** with fungicides or insecticides has not been evaluated.



Mixing instructions

Half fill the spray tank with water. Add the required volume of **CUSTODIA® 320 SC** to a small amount of water, mix thoroughly and add it to the spray tank while agitating. When tank-mixing **CUSTODIA® 320 SC** with other products, first mix these products separately with a small amount of water before adding it to the spray tank. Fill the spray tank with water while agitating continuously. Do not allow tank mixture to settle. Refer to the labels of the products with which **CUSTODIA® 320 SC** is to be tank-mixed and adhere to the label instructions.

Application

Ensure that the application equipment to be used is in a good working condition and correctly calibrated. Use the spray volumes as indicated to ensure good coverage.

Ground application

CUSTODIA® 320 SC can be applied with any suitable medium or high volume applicator, provided it is correctly calibrated, is fitted with an effective agitation mechanism and is able to distribute the spray material evenly over the target area. Apply in 300–400 L water per hectare. The use of flat fan nozzles is recommended.

Aerial application

Aerial application of **CUSTODIA® 320 SC** may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (*The aerial application of pesticides*). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 l/ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.
- Droplet coverage: 25–35 droplets/cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 280–300 micron is recommended. Limit the production of fine droplets smaller than 150 micron (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flight height: Maintain the height of the spray boom at 3–4 m above the target. Do not spray when the aircraft is diving, climbing or banking.
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, while ensuring the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60–75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers of a whirling hygrometer should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.

- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the hottest time of day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to:
 - reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage); or
 - damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

Effect of rain on application

Repeat the application should it rain within two hours after application.

APPLICATION RATES

CROP AND DISEASE	DOSAGE	REMARKS
Barley Net blotch (<i>Pyrenophora teres</i>) Leaf spot (blotch) (<i>Rhynchosporium secalis</i>)	1 000 ml/ha (ground and aerial application)	<p><u>Ground application:</u> Apply in 150–250 L water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in at least 30 L water/ha.</p> <p>Apply at the first signs of disease, but preferably as early as possible to prevent a buildup of inoculum. Apply before flag leaf appearance.</p> <p>Application during the period and at the dosage indicated will also suppress ramularia leaf spot (<i>Ramularia collo-cygni</i>).</p> <p>CUSTODIA® 320 SC should be applied as part of a disease control strategy, and should be alternated with other suitable fungicides.</p>
Black wattle (<i>Acacia mearnsii</i>) Wattle rust (<i>Uromycladium spp.</i>)	1 000 ml/ha (ground and aerial application)	Apply at the first signs of the disease, in a water volume that would ensure sufficient coverage. Repeat application 21 days later, depending on the level of infection.
Grain sorghum Brown rust	1 000 ml/ha (ground and aerial application)	<u>Ground application:</u> Apply in 300–400 L water/ha.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

CROP AND DISEASE	DOSAGE	REMARKS
<i>(Puccinia purpurea)</i> Northern leaf blight <i>(Exserohilum turcicum)</i> Sooty stripe <i>(Ramulispora sorghi)</i>		<u>Aerial application</u> : Apply in at least 30 L water/ha. Commence application when the disease symptoms are noticed on the leaves. Repeat the application 3 weeks later where necessary.
Maize and sweet corn Northern leaf blight <i>(Exserohilum turcicum)</i> Common brown rust <i>(Puccinia sorghi)</i> Phaeosphaeria leaf spot <i>(Phaeosphaeria maydis)</i> Sorghum downy mildew <i>(Sclerospora sorghi)</i> Grey leaf spot <i>(Cercospora zeae-maydis)</i>	1 000 ml/ha (ground and aerial application)	<u>Ground application</u> : Apply in 300–400 L water/ha. <u>Aerial application</u> : Apply in at least 30 L water/ha. Commence application when the disease symptoms are noticed on the basal 3 to 5 leaves or before the infection level reaches 3 % of the total leaf surface. Repeat the application 3 weeks later where necessary. Do not apply CUSTODIA® 320 SC on maize from the V10 to the V14 growth stage.
Soybeans Soybean rust <i>(Phakopsora pachyrhizi)</i>	1 000 ml/ha (ground and aerial application)	<u>Ground application</u> : Apply in 300–400 L water/ha. <u>Aerial application</u> : Apply in at least 30 L water/ha. Apply at first signs of the disease or at flowering. Repeat application 14–21 days later.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

CROP AND DISEASE	DOSAGE	REMARKS
<p>Wine grapes Powdery mildew (<i>Uncinula necator</i>, syn. <i>Erysiphe necator</i>)</p>	<p>100 ml/100 L</p>	<p>Apply CUSTODIA® 320 SC preventatively, starting with the first application at 2- to 5-cm shoot length. Repeat at an interval of 10 to 14 days.</p> <p>Note that visible residues could occur on the grape berries if CUSTODIA® 320 SC were to be applied after fruit set.</p> <p>Apply as a full cover spray in 250–1000 L water per hectare, depending on the development stage of the vines.</p> <p>CUSTODIA® 320 SC should be applied as part of a powdery mildew control strategy. Do not apply more than three CUSTODIA® 320 SC applications in total per season. Do not apply more than two consecutive CUSTODIA® 320 SC SC applications, preferably alternating with other suitable fungicides from different chemical groups for the purpose of resistance management.</p> <p>Do not apply CUSTODIA® 320 SC to grape vine cuttings in the nursery.</p>
<p>Wheat Glume blotch (<i>Septoria nodorum</i>) Powdery mildew (<i>Blumeria graminis</i>)</p>	<p>1 000 ml/ha (ground and aerial application)</p>	<p><u>Ground application:</u> Apply in 150–250 L water/ha.</p> <p><u>Aerial application:</u> Apply in at least 30 L water/ha.</p> <p>Apply at the first signs of disease, but preferably as early as possible to prevent a buildup of inoculum. Apply before flag leaf appearance.</p> <p>Application during the period indicated will also control speckled leaf blotch (<i>S. tritici</i>), eye spot (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>) and brown rust (<i>Puccinia triticina</i>).</p> <p>CUSTODIA® 320 SC should be applied as part of a disease control strategy, and should be alternated with other suitable fungicides.</p>

WAARSKUWINGS

Onthoudingsperiodes (minimum aantal dae tussen laaste toediening en oes of weiding):`

Gars	77 dae
Graansorghum	60 dae
Koring	70 dae
Mielies en suikermielies	56 dae
Sojabone	60 dae
Wyndruiwe	28 dae

Let wel: Die plaaslike maksimum residuvlakke (MRV's) sal nie oorskry word nie indien **CUSTODIA® 320 SC** volgens etiketaanbevelings gebruik word. ADAMA South Africa (Pty.) Ltd. kan egter nie verantwoordelik gehou word nie indien uitvoer MRV's oorskry sou word. Skakel met die plaaslike uitvoerorganisasies rakende tyd van toediening, onthoudingsperiodes en spesifieke toleransievereistes van lande waarheen produkte uitgevoer gaan word.

- Hanteer versigtig.
- Skadelik indien ingesluk.
- Skadelik vir diere en giftig vir vis.
- Berg in 'n koel, droë plek weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Herbetreding: Moenie die behandelde gebied betree voor die spuitstof droog is nie.
- Lugtoediening: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie toelaat dat die spuitnewel oor water dryf of daaroor spuit of dat dit aanliggende gebied besoedel nie.

Hoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale klimaats-, grond- en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die siekte teen die betrokke middel, asook die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mense of diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Dra handskoene en 'n gesigsmasker as konsentraat hanteer word.
- Moenie dampe of die sproei-newel inasem nie.
- Vermy langdurige kontak met vel en oë. In geval van oogkontak spoel dadelik uit met skoon, koue lopende water. Indien per ongeluk met vel in aanraking kom, was dadelik met koue water en seep.
- Was besoedelde klere daaglik.
- Was met seep en water na gebruik of per abuisse velkontak.
- Moenie eet, drink of rook terwyl die produk vermeng of toegedien word of voor hande en gesig gewas is nie.
- Maak spuitapparaat skoon na gebruik en gooi waswater weg waar dit nie gewasse, weiding, riviere of damme sal besoedel nie.
- Spoel die leë houer drie keer soos volg uit: Keer die leë houer om oor die spuit- of mengtenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna *driekeer na mekaar* met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die van die houer uit en gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk of mengtank oor.
- Kap gate in die drie-keer gespoelde houer waarna dit aan 'n goedgekeurde versamelaar of verwerker oorhandig moet word (www.croplife.co.za).
- Voorkom dat die spuitnewel wegdryf oor ander gewasse, weiding, riviere, damme en gebiede wat nie behandel moet word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **CUSTODIA® 320 SC** as 'n groepkode 3 en 11 swamdoder geklassifiseer. Enige swampopulasie mag individue bevat wat 'n natuurlike weerstand teen **CUSTODIA® 320 SC** en ander groepkode 3 en 11 swamdoders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die swampopulasie domineer as hierdie swamdoders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende swamme mag dalk nie deur **CUSTODIA® 320 SC** of ander groepkode 3 en 11 swamdoders beheer word nie. Om swamdoderweerstand te vertraag:

- Vermy die uitsluitlike herhaalde gebruik van swamdoders van dieselfde swamdodergroepkode. Wissel af, of gebruik in tenkmengsels met middels van ander groepkodes.
- Integreer beheermetodes (chemiese, bewerking, biologies) in swamdoderbeheerprogramme.

Vir meer spesifieke inligting rakende weerstandsbestuur, skakel die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSBEPERKINGS

Moenie **CUSTODIA® 320 SC** op mielies toedien vanaf die V10- tot die V14-groeistadium nie.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik alleenlik soos voorgeskryf.

Verenigbaarheid

Die verenigbaarheid van **CUSTODIA® 320 SC** met swam- en insekdoders is nie geëvalueer nie.

Vermenging

Vul die spuittenk half vol met water. Voeg die benodigde hoeveelheid **CUSTODIA® 320 SC** by 'n klein hoeveelheid water, vermeng deeglik en gooi in die tenk terwyl geroer word. Indien **CUSTODIA® 320 SC** met ander middels in 'n tenkmengsel gebruik gaan word, vermeng hierdie middels eers apart met 'n klein hoeveelheid water voor dit in die tenk gevoeg word. Vul die spuittenk met water terwyl voortdurend geroer word. Moenie die tenkmengsel toelaat om uit te sak nie. Verwys na die etikette van middels waarmee **CUSTODIA® 320 SC** gemeng gaan word en kom die etiketvereistes na.

Toediening

Verseker dat die toedieningstoerusting wat gebruik gaan word in 'n goeie werkende toestand is en korrek gekalibreer is. Maak gebruik van die spuitvolumes wat hieronder aangedui is om goeie bedekking te verseker.

Grondtoediening

CUSTODIA® 320 SC kan met enige geskikte medium- of hoë-volume spuitapparaat toegedien word, mits dit korrek gekalibreer is, dit oor 'n doeltreffende roermeganisme beskik en in staat is om die spuitmengsel eweredig oor die teikenoppervlak te versprei. Dien toe in 300–400 L water per hektaar. Platwaaierspuitpunte word aanbeveel.

Lugtoediening

Lugtoediening van **CUSTODIA® 320 SC** mag alleenlik deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (*The arial application of pesticides*), toegedien word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikengebied versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tot die minimum beperk word. Die volgende vereistes moet nagekom word:

- Volume: 'n Spuitmengselvolume van 30 l/ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppelbedekking: 25–35 druppels/cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280–300 mikron word aanbeveel. Beperk die vorming van druppels kleiner as 150 mikron (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3–4 m. Moenie spuit wanneer die vliegtuig duik, klim of draai nie.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal verskaf, maar terselfdertyd die verlies aan produk tot die minimum sal beperk. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60–75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die temperatuurverskil tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer moenie 8 °C oorskry nie.
- Staak bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Staak bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die warmste deel van die dag.
- Bespuiting onder temperatuurinversietoestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) en/of hoë lugvogtoestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag lei tot:
 - verlaagde doeltreffendheid aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken); of
 - skade aan nie-teikengewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teikenareas.
- Verseker dat die lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Verkry die versekering van die lugbespuitingsoperateur dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat word vir toekomstige verwysing.

Invloed van reën na toediening

Herhaal die toediening indien dit binne twee uur na toediening reën.

TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
Gars Netvlek (<i>Pyrenophora teres</i>) Blaarvlek (<i>Rhynchosporium secalis</i>)	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<u>Grondtoediening</u> : Dien toe in 150–250 L water/ha. <u>Lugtoediening</u> : Dien toe in minstens 30 L water/ha. Dien toe sodra die eerste siektesimp-tome verskyn, maar verkieslik so vroeg as moontlik om die opbou van inokulum te voorkom. Dien voor vlagblaar-verskyning toe. Toediening tydens die tydperk en teen die dosis hier aangedui, sal ook ramularia blaarvlek (<i>Ramularia collo-cygni</i>) onderdruk.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
		CUSTODIA® 320 SC behoort as deel van 'n siektebeheerstrategie en in afwissing met ander geskikte swamdoders toegedien te word.
Graansorghum Bruinroes (<i>Puccinia purpurea</i>) Noordelike blaarskroei (<i>Exserohilum turcicum</i>) Roetvlek (<i>Ramulispora sorghi</i>)	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<u>Grondtoediening</u> : Dien toe in 300–400 L water/ha. <u>Lugtoediening</u> : Dien toe in minstens 30 L water/ha. Dien toe sodra die eerste simptome op die blare waargeneem word. Herhaal die toediening 3 weke later indien nodig.
Koring Bruinaarsiekte (<i>Septoria nodorum</i>) Poeieragtige meeldou (<i>Blumeria graminis</i>)	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<u>Grondtoediening</u> : Dien toe in 150–250 L water/ha. <u>Lugtoediening</u> : Dien toe in minstens 30 L water/ha. Dien toe sodra die eerste siektesimptome verskyn, maar verkieslik so vroeg as moontlik om die opbou van inokulum te voorkom. Dien voor vlagblaar-verskyning toe. Toediening tydens die aangeduide tydperk sal ook vaalblaar (<i>S. tritici</i>), oogvlek (<i>Pseudocercospora herpotrichoides</i>) en bruinroes (<i>Puccinia triticina</i>) beheer. CUSTODIA® 320 SC behoort as deel van 'n siektebeheerstrategie en in afwissing met ander geskikte swamdoders toegedien te word.



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
<p>Mielies en suikermielies Noordelike blaarskroei (<i>Exserohilum turcicum</i>)</p> <p>Roes (<i>Puccinia sorghi</i>)</p> <p>Phaeosphaeria blaarvlek (<i>Phaeosphaeria maydis</i>)</p> <p>Sorghum donsige skimmel (<i>Sclerospora sorghi</i>)</p> <p>Grysblaarvlek (<i>Cercospora zaeae-maydis</i>)</p>	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe in 300–400 L water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in minstens 30 L water/ha.</p> <p>Dien toe sodra die eerste simptome op die onderste 3 tot 5 blare waargeneem word, maar voordat die besmettings-vlakke 3 % van die totale blaaroppervlak bereik. Herhaal die blaaroppervlak-toediening 3 weke later indien nodig.</p> <p>Moenie CUSTODIA® 320 SC op mielies toedien vanaf die V10- tot die V14-groeistadium nie.</p>
<p>Sojabone Sojaboonroes (<i>Phakopsora pachyrhizi</i>)</p>	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<p><u>Grondtoediening:</u> Dien toe in 300–400 L water/ha.</p> <p><u>Lugtoediening:</u> Dien toe in minstens 30 L water/ha.</p> <p>Dien toe sodra die eerste simptome van die siekte verskyn of tydens blom. Herhaal toediening 14–21 dae later.</p>
<p>Swartwattel (<i>Acacia mearnsii</i>)</p> <p>Wattelroes (<i>Uromycladium spp.</i>)</p>	1 000 ml/ha (grond- en lugtoediening)	<p>Dien toe sodra die eerste simptome verskyn, in 'n watervolume wat genoegsame bedekking sal verseker. Herhaal die toediening 21 dae later, na gelang van die infeksievlak.</p>
<p>Wyndruiwe Poeieragtige meeldou (<i>Uncinula necator</i>, syn. <i>Erysiphe necator</i>)</p>	100 ml/100 L	<p>Dien CUSTODIA® 320 SC as 'n voorkomende bespuiting toe. Dien die eerste spuit toe as die lote 2 tot 5 cm lank is. Volg op met 'n tweede toediening 10 tot 14 dae later.</p> <p>Let op dat sigbare residue kan voorkom op die druiwekorrels as CUSTODIA® 320 SC na vrugset toegedien word.</p> <p>Dien toe as 'n voldekbepuiting in 250–1000 L water per hektaar, afhangende van die ontwikkelings stadium van die wingerd.</p> <p>CUSTODIA® 320 SC moet toegedien word as deel van 'n beheerstrategie vir poeieragtige meeldou. Moet nie meer as</p>



ADAMA

Listen - Learn - Deliver

GEWAS EN SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS
		<p>drie toedienings van CUSTODIA® 320 SC per seisoen maak nie. Moet nie meer as twee agtereenvolgende toedienings van CUSTODIA® 320 SC maak nie, maar wissel verkieslik met ander geskikte swamdoders van verskillende groepe af vir die doel van weerstandbestuur.</p> <p>CUSTODIA® 320 SC moet nie toegedien word op steggies in die kwekery nie.</p>